Redaksioneel

Dit is vir die redaksie 'n voorreg om by hierdie geleentheid hulde te bring aan 'n gewaardeerde kollega en vriend – J.L. Helberg – en hierdie uitgawe van *In die Skriflig* aan hom op te dra. Wanneer aan sy kerklike en teologiese bydrae gedink word, moet ten minste drie aspekte beklemtoon word. Eerstens moet gewys word op Helberg se *ekumeniese bewoënheid*, sowel wat die swart-wit-verhoudings binnelands as die verhouding van die GKSA tot die GES betref. Die verskeurdheid van gereformeerde kerke en die gebrek aan geloofsgemeenskap het hom diep geraak. Tweedens moet op die uitbou van die Ou-Testamentologie rondom die sentrale tema van die *koninkryk van God* gewys word. Hierin het hy op die werk van sy voorganger, S. du Toit, voortgebou en sodoende die bewussyn verskerp dat die Potchefstroomse teologie niks anders as 'n 'teologie van die koninkryk' wil wees nie. Derdens het hy aandag gevra vir die *persoonlike karakter* van die koninkryk, die kerk en die teologie. In die Skrif gaan dit immers oor 'n persoonlike God wat met mense in 'n persoonlike verbonds- en gemeenskapsverhouding (wil) tree en so met hulle na die voleinding op weg gaan.

Jaap Helberg het die gereformeerde teologie met sy insigte en bydraes verryk. Die redaksie wens hom en sy gade 'n baie geseënde afsaaltyd toe. Mag ons goeie God en Vader hulle ryklik seën. En mag daar nog vele publikasies volg.

J.H. van Wyk